Saam boer ons vooruit
Farming together for success
www.laeveld.co.za

Jaco Botha

Wes-Kaap
Stellenbosch, Durbanville, Constantia en Grabouw
T: 082 921 4813 / E: jaco.botha@laeveld.co.za

Gewasse: Sitrus, tafeldruiwe, wyndruiwe, appels, pere en steenvrugte
Aanbieding: Oesbeskerming, plantvoeding, presisiedienste

Jaco Botha het in die Weskus op Vredendal, op die randjie van die Namakwaland grootgeword, skoolgegaan en gematrikuleer. Hy geniet sport baie en het sy skool op streeksvlak verteenwoordig in rugby en skaak.

Na skool het Jaco by die Suid-Afrikaanse Lugmag aangesluit en hom as 'n vliegtuigonderhoudswerktuigkundige bekwaam. Hierna het hy na Vredendal teruggekeer as plaasbestuurder op 'n druiweplaas wat hoofsaaklik in wyn en droogdruiwe spesialiseer. Hy het ook 'n paar jaar by Terason gewerk, voordat hy vir 17 jaar lank vir Nexus gewerk het met die fokus op groente, wyn en tafeldruiwe, koring en komkommers.

Jaco het later besluit om na Somerset-Wes te trek, waar hy steeds bly. Die landbouchemie het hom bly interesseer en hy was vir die laaste 23 jaar 'n gewasbeskermingskonsultant. Gevolglik het hy by Laeveld Agrochem aangesluit as 'n agent in die Wes-Kaap. Hy het ook sy CropLife- en BASOS-akkreditasie verwerf. Sy areas van ondervinding strek van wyn en tafeldruiwe, appels, pere, steenvrugte, sitrus, groente, koring en komkommers.

Jaco het drie kinders en hy hou van die buitelewe en hulle gaan kamp dikwels saam as gesin. Sy groot liefde is egter om houtwerk te doen – niks gee hom meer plesier as om die eindresultaat te aanskou wanneer hy 'n meubelstuk klaar gemaak het en om te weet dat hy dit self gemaak het nie.

Die gebied waarin hy sy landboupassie en kennis uitleef, is Stellenbosch, Durbanville, Constantia en Grabouw. Hy sê: "Landbouchemie skep vir ons baie uitdagings en ons moet dit reg hanteer, want anders kan ons niks vir ons kinders agterlaat nie. So my siening is dus om op 'n volhoubare wyse produkte aan te beveel sodat ons die grond waarop ons werk nog lank kan gebruik!".

"Ek hou van uitdagings, want ek kan my kennis so verbreed en seker maak ons vind die beste en mees volhoubare oplossings vir ons produsente." sê Jaco.

Jaco sien uit daarna om saam met Laeveld Agrochem ons land se produsente nog beter te kan ondersteun.

Laeveld Agrochem verseker opbrengs-optimalisering volgens elke produsent se spesifieke behoeftes.
Ons gekwalifiseerde landboukundiges, wat ondersteun word deur 'n groot span tegniese spesialiste, het die kennis en kundigheid om met die volledige spektrum van gewasbeskerming, grondoplossings en plantvoeding, die beste advies te gee.